



# Feesvier met slim voeding

deur Pieter Henning

**Dit is Desember, Kersfeesmaand. Sê nou net die melkprys kan opgaan, en voerpryse kan afkom; wat 'n wonderlike kersgeskenk sal dit nie vir melkboere wees nie. My pa het altyd opgemerk: "Sê nou maar is 'n lekker sê ..." Tog is dit moontlik om die somber situasie van 'n lae melkprys en stygende voerpryse in hierdie feestyd te verlig, en ook in die nuwe jaar. Maar hoe?**

Slim voeding! Voer is dié grootse komponent van die koste om 'n liter melk te produseer. Dit is ook die mees aanhoudende inset op 'n melkplaas. Die koop van die regte koei, die keuse van die beste bulsaad, dit is goed waaraan die melkboer van tyd tot tyd aandag moet gee. Maar voeding gebeur elke dag. Voeding is juis dié terrein waar geleentheid lê om 'n somber finansiële prentjie te verlig. Slim voeding is wat Meadow Feeds doen om vir sy kliënte die beste marge bo voerkoste volhoubaar te realiseer. Dit is nie bloot slimpraatjies nie.

Melkbeesvoeding het 'n fyn kuns geword. Daar word voortdurend navorsing gedoen om die suiwelkudde se voedingsbehoefte tot in die fynste besonderhede te bestudeer en dan die doeltreffendste praktyke te bepaal om daaraan te voldoen. Cargill, die wêreld

se grootste veevoervervaardiger, bestee self jaarliks miljarde rand aan melkbees-navorsing- en ontwikkelingswerk. Meadow Feeds het reeds in 2011 'n tegniese ooreenkoms met Cargill gesluit om saam die vrugte van hierdie werk te pluk. Een daarvan is die DairyMAX voerformuleringsprogram.

DairyMAX, of MAX soos dit in die veld bekend is, span kragtige wiskunde in om aan al die koei se voedingsbehoefte te voldoen – op die goedkoopste moontlike manier. Dit gaan nie hier oor enige iets "uit die sak haal" nie, maar oor die versekering dat daar niks in die voer is waarvoor die melkboer onnodig moet betaal nie. Die meeste melkboere is bekend met voedingstowwe soos proteïen, vesel, vet, kalsium en fosfaat, maar hulle sal waarskynlik verbaas staan om te hoor dat MAX reeds meer as 300 verskillende voedingstowwe in ag neem tydens die formulering van 'n melkbeesdieet. Nie alleen ken MAX die verskillende diere (vers, droë koei, opstroomkoei, vars koei en lakterende koei) se behoeftes met betrekking tot al hierdie voedingstowwe nie, MAX is ook op hoogte van die bydrae van elkeen van 'n wye verskeidenheid voerbestanddele om daarin te voorsien. As sodanig verteenwoordig MAX die nuutste wetenskaplike ontwikkelinge op die gebied van

melkbeesvoeding. Hierdie ontwikkeling hou nooit op nie en MAX word jaarliks opgedateer.

Die blote besit van 'n program soos DairyMAX is geen waarborg vir pasgemaakte geringstekostediëte en beste marge bo voerkoste nie. Alhoewel MAX 'n besondere program is, bly dit net 'n gereedskapstuk. Dit is eers in die hande van die "kunstenaar" waar dit tot sy reg kom. Die tegniese span by Meadow Feeds streef daarna om die kuns van voerformulering met MAX te bemeester. Hulle werk reeds die afgelope paar jaar met MAX en ontvang gereeld opleiding oor nuwe ontwikkelinge en doeltreffender toepassings.

Saam met DairyMAX het Meadow Feeds ook toegang tot Cargill se omvattende

versameling naby-infrarooi (NIR) kalibrasies. Hierdie kalibrasies maak dit moontlik om die voedingswaarde van plaasvoere vinnig en akkuraat te bepaal. Met behulp van MAX word die optimale konsentraat dan geformuleer. Dit is die goedkoopste konsentraat wat, saam met die voerbestanddele op die plaas, die beste marge bo voerkoste sal gee. Hoe beter die gehalte van die voere op die plaas, hoe minder voedingstowwe hoef van die konsentraat af te kom. Deur te let op die gehalte van hooi en kuilvoer wat gemaak of ingekoop word, kan die melkboer sy konsentraatrekening kleiner maak. Die ideaal is om van elke nuwe vrag lusern wat op die plaas afgelaai word, of van elke nuwe kuilvoerbunker wat oopgemaak word, monsters te neem, te



# MEADOW ad to be placed here



laat ontleed, en dan met behulp van MAX die optimale geringstekostedieet te formuleer. Met dié benadering kan Meadow Feeds voerkoste per koei per dag so laag moontlik hou sonder om melkproduksie in te boet. Dit is die moeite werd vir boere om seker te maak van die gehalte van hulle ruvoere, want MAX neem ruvoergehalte in ag en kan die hoeveelheid en voedingstofkonsentrasie suiwelmeel aanpas sodat beter ruvoergehalte vir die melkboer omgeskakel word in 'n besparing op suiwelmeel.

Dit is soos die Meadow Feeds logo sê: “Meer as net voer”. Meadow Feeds is toegerus en gereed om melkboere te help feesvier met slim voeding. Skakel gerus met die Meadow Feeds tegniese span om uit te vind hoe ons u kan help om die beste marge bo voerkoste volhoubaar te realiseer.

## **KONTAK GERUS DIE VOLGENDE PERSONE:**

**DR. JOUBERT NOLTE**  
Nasionale tegniese bestuurder  
082 419 6588

**NELITA HILDEBRANDT**  
Herkouer tegniese bestuurder  
KwaZulu-Natal-streek  
072 454 2142

**RENIER DE JAGER**  
Tegniese bestuurder: sentrale area  
082 778 9799